Langenhovenpark
Die GEMEENTE
vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## 15 Oktober 2023
## Vandag

### Eredienste

**09:00 Erediens**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen
**Teks:** Eksodus 3 – 4 (1983 vertaling)
**Tema:** Verskonings, verskonings.... verskonings

### JEUG

**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges)**
**Aanbieder:** Sue
**Tema:** Die Here gee vir ons woorde

**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** Christine Rossouw
**Tema:** Goggas in die Bybel

**10:00 JOG (Gr 4 – 7) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** Carine Oosthuizen
**Tema:** Wie is God vir jou?

**10:00 TvC (Gr 8 -10) – Kerkgebou**
**Aanbieders:**
Gr 8 – Magdalie Erasmus (076 132 3161)
Gr 9 – Elizri Malan (062 023 6958)
Gr 10 – Albert Humphries (083 317 1007)
**Tema:** Minder mens? (Lukas 10: 25-37)

**10:00 Belydenisklas (Gr 11) – Lokaal 1**
**Aanbieder:** Ds Gerhard Meyer
**Tema:** Afsluiting

### DIE KOMENDE WEEK…

***Dinsdag 17 Oktober 2023***
**10:00 Aksie Olyftak - Kleinkerk**
**18:00 Selgroep ds Gerhard –** By Kopanong kerk
***Woensdag 18 Oktober 2023***
**09:00 Bybelstudie ds Leon –** Kleinkerk
**18:30 Mannegroep –** Lokaal 2
***Donderdag 19 Oktober 2023***
**09:00 Bybelstudie ds Riaan –** Kleinkerk
**14:30 Huishulpe Naaldwerk –** Lokaal 1
**17:30 Sotho kursus –** Kleinkerk
**18:00 Bybelstudie ds Gerhard –** Konsistorie
Bybel van begin tot einde (2 Konings)

**Sondag 22 Oktober**
**09:00 Erediens – Ds Leon Oosthuizen**

**JEUG**
09:00 Kleuterkerk – Lokaal 2
09:00 Kinderkerk – Kleinkerk
10:00 JOG – Kleinkerk
10:00 TvC – Kerkgebou

**Sinodale kollekte** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Vennootskappe: Reformed Church in Zambia (RCZ)**

## Lief en Leed

Ockert en Gerrie Vermeulen, San Tropez, se skoondogter Hannelie is oorlede.
Lise Dippenaar, Barend Wessels, se broer Paul is baie ernstig siek.
Tokkie Jacobs, Alba Bouwer, sterk tuis aan.
**Voorbidding vir gesondheid:**
**Verjaarsdae 80 en ouer:-** Faan Schoeman, Caritas, verjaar 15 Oktober (81)
Ronnie vd Merwe, Dries Niemand, verjaar 15 Oktober (85)
Annetjie J van Rensburg, Anjo, verjaar 16 Oktober (82)
Louise du Preez, Acacia, verjaar 18 Oktober (81)
Alida J van Rensburg, Chris Barnard, verjaar 21 Oktober (89)

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!
Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy 'n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za om 'n vorm te ontvang.

## AKSIE OLYFTAK

Dinsdag 17 Oktober, 10:00 by die Kleinkerk
Kom maak van die dienste gebruik soos bloeddrukmeting, suiker toetsing, voetsorg ens.
Kom kuier saam en geniet 'n lekker koppie tee.
Indien vervoer benodig word, kontak die kerkkantoor.

## AKSIE AFGETREDENES

Die Jaarafsluiting van die aksie vind plaas op **DINSDAG 7 NOVEMBER 2023 om 10:00** by Danie en Jinny Olivier se plek, Waterberglaan 35, Spitskop.
Dit gaan 'n gesellige braaivleis ete wees.
Koste R90 pp (lede en nie-lede). Nooi jou vriende saam, of as jy nie 'n lid is nie, is jy ook welkom.
Kom geniet die oggend saam met ons jonk van gees afgetrede lidmate.
Bespreek en betaal voor 1 November, by die kerkkantoor.

## SELFOON KERKKANTOOR


Die kantoor se foon is al 'n paar jaar oud met Android weergawe 4.4.4 waarop WhatsApp nie meer vanaf **23 Oktober** beskikbaar sal wees nie. Indien iemand dalk onlangs opgradeer het en 'n foon het wat hulle nie meer gaan gebruik nie, kontak asseblief die kerkkantoor.

## OPERATEURS

Ons leef in vrees vir kragonderbrekings tydens eredienste, want dan is die klank dood, daar is nie woorde op die skerm nie, daar is nie 'n YouTube uitsending nie…
Maar niks hiervan sal gebeur… selfs terwyl die krag aan is… as daar nie operateurs daar agter is nie. Ons kort DRINGEND nog 'n paar operateurs, veral op die rekenaars. Ons verskaf die opleiding. Ons vra bloot jou passie en tyd. NAVRAE:- Ds Leon

## DANKBAARHEIDSMAAND

**Begroot R225 000**



# Belangrike datums Oktober en November

Sondag 29 Oktober 17:00 – Belydenis Aflegging
Sondag 5 November 18:00 - Piet Smit Optrede
Sondag 12 November - Kategese afsluiting
Sondag 19 November 09:00 - Kerssangdiens
Sondag 19 November 18:00 - Langenhovenpark Jeug Kersopvoering




**Kerssangdiens**
**19 November 2023**
**09h00.**

Gaskunstenaars Mario, Thabo en Cezanne gaan ons betower met pragtige kersliedere. Orrelspel deur Joanita Erasmus-Alt.

Kom deel in gemeentesang om Jesus se geboorte te herdenk.







# Dankofferbydraes

Daar is verskeie maniere waarop u, u maandelikse dankoffer kan gee. Die volgende inligting mag van hulp wees. Kontak gerus die kerkkantoor indien daar enige vrae is.

**1. ACB stelstel**
Hierdie stelsel maak dit vir lidmate baie gerieflik om hul dankoffer te gee en daarom moedig ons lidmate aan om hiervan gebruik te maak. U gee opdrag aan die kerkkantoor om maandeliks ‘n bedrag vanaf u bankrekening na dié van die kerk oor te plaas. U het nog volle beheer hieroor as u voor die 25$^{ste}$ van die maand vir Jolene Muller opdrag gee om die bedrag te verhoog, te verminder of selfs te kanselleer. Vorms hiervoor is by die kerkkantoor beskikbaar of stuur vir ons ‘n epos na ngklhp.finan@mweb.co.za en ons stuur vir u die vorm.

**2. Bankinbetalings of Internetoorplasings**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | NG KerkLangenhovenpark |
| Bank | : | ABSA bank |
| Takkode | : | 632005 |
| Tiperekening | : | Tjekrekening |
| Rekeningnommer | : | 1570 590 630 |

**3. Dankofferkoeverte**
U kan u dankoffer in ‘n koevert plaas, gemerk “Dankoffer” en in die kollektesak gooi. (Koeverte by kerkkantoor of deure beskikbaar)
Moontlik plaas u, u dankoffer Sondae in die kollektesakkie, wil u dit nie eerder in die gemerkte koevert (Dankoffer) plaas nie?

**4. Inbetalings by kerkkantoor**
U kan ook u dankoffer tydens kantoorure by die kerkkantoor inbetaal. Maak net seker dat u ‘n kwitansie ontvang en dat dit gemerk is “Dankoffer”.

**5. Snapscan**
SnapScan is gratis beskikbaar op iOS en Android.

Internet skakel: https://pos.snapscan.io/qr/PXMP30504

Snap here to pay

SnapScan